# Op soek na ’n ander Messias

Teks: Matteus 24: 1 - 14
Teksvers: Matteus 24: 5

## 1. Inleiding

Nadat Jesus en Sy apostels in Jerusalem aangekom het, gaan hulle weer van die tempel af weg. Hulle gaan weg na die olyfberg en nadat Jesus gaan sit het, sien ons die volgende leringe volg. Op ’n manier het ons hierdie gevoel vanoggend hier waar ons bymekaar is buite ons kerkgebou. Hier waar ons ’n kamp erediens het, en die geleentheid het om ook ontspane en informeel oor geloofsake te kan praat.

Tog is die boodskap in vandag se teksgedeelte alles behalwe ligsinnige praatjie om die tyd verby te kry. Ons tref op ’n manier dieselfde erns in Jesus se woorde en uitsprake aan, as wat ons in Matteus 16 sien wanneer Christus ook die bekende uitspraak maak: “op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie”. Daardie teksgedeelte wat vir ons so dierbaar en na aan die hart is op ons kerkseël.

Die ander ding wat vandag se teksgedeelte uit Matteus 24 so nou aan Matteus 16 koppel is die saak oor die Messias, of dan Verlosser. Ons weet dat Matteus 16 gaan oor Petrus se bevestiging van Christus as die lank verwagte Messias uit die ou testament. En met verwysing na ons eie kerk se leuse weet ons dat hierdie belydenis die fondament van die kerk van die Here is.

Hierdie enigste ware fondament is word ook deur Paulus vir ons bevestig in 1 Korinthiërs 3. Maar die vraag is of die kerk altyd ywerig sal bou op hierdie fondament, en of daar later iets beter sal kom. Christus se profesie hieroor in ons teksvers vandag is skokkend, kom ons ondersoek dit van nader.

## 2. Die antieke Christus

In ons teksvers profeteer Christus dat baie mense sal mislei word. En dit is belangrik om alreeds hier dit duidelik te sien dat Christus nie van ongelowiges praat nie. Jesus praat hier van die kerk, met ander woorde Sy eie mense. Met ander woorde ons, ek en u vanoggend. En dan profeteer Christus ook presies hoe die duiwel ons gaan probeer verlei. Hy gaan die doen deur ander mense wat beweer dat hulle Christus is.

Nou op die oor af klink dit nie na ’n goeie strategie nie. Want regdeur die Ou Testament weet ons dat die profesie is, dat daar net een Christus is. Ons glo en bely ook in die leer van die drie-eenheid dat die tweede persoon ons Here Jesus Christus nie meer as een is nie. En verder bely ons deur die eeue dat Christus net een maal deur die maagd Maria mens geword het. So met ander woorde as dit verby is dit verby. Iemand wat daarna hier op aarde weer ’n keer homself as Christus wil voordoen is mos duidelik vals en Godslasterlik.

En die nuwe testamentiese kerk is tog juis op aardse woorde en optrede van Christus gegrond. Dit is waar ons kerk begin, en ten diepste natuurlik die betekenis van die fondament van die kerk.
Tog hoor ’n mens so maklik vandag, Maar dit alles is amper 2000 jaar gelede. Met ander woorde dit voel vandag so maklik outyds. Dit voel soos die kerk van my ouers en grootouers. Dit voel so maklik na ’n antieke boodskap vir antieke mense. Ons is mos darem vandag modern. En verdien ons as moderne mense dan nie hierdie selfde voorreg as die mense in die tyd van Jesus se aardse bediening nie? Mag ons nie Christus as medemens hier op aarde ervaar en beleef nie. Vir baie gelowiges vandag is Christus eenvoudig te antiek.

## 3. Die eenvoudige evangelie

Maar wanneer ons na ons teksgedeelte kyk vandag, is hierdie probleem van eenvoud eintlik nie so modern nie. Jesus gee immers juis hierdie onderrig in antwoord op die vra van die dissipels rondom Hom. En uit die dit wat Christus openbaar in hierdie profetiese rede is dit duidelik wat die verkeerde gedagtes en verwagtings van die dissipels daar is. Ons kan sê dat die dissipels op soek was na hemel op aarde. Dit is hieruit wat hulle vraag kom oor die einde van die wêreld. Hoe lyk so ’n hemel op aarde dan vir die mens.

Ons sien in die teksgedeelte die verwysing na oorlog. In die hemel sal daar nie geweld en oorlog wees nie. So dus is die verwagting dat die ewige troonopvolger van Dawid, ’n sterk politieke leier sal wees wat al Israel se vyande

so onderdruk dat hulle nie waag oorlog maak nie. Die volgende saak van hemel op aarde, sal die afwesigheid van hongersnood en natuurrampe wees. En hierin dit duidelik watter valse verlossers die wêreld sal voortbring. Dink daaraan word die einde van hongersnood en natuurrampe dan nie belowe in die groen teologie rondom klimaatsverandering nie.

Of ons sien eerstehands vandag hoe die wêreld verskeie verlossers na vore wil bring om vrede in oorlogsituasies te bring. Tog weet ons dat al hierdie dinge hoe goed hulle dalk mag lyk of selfs wees, nie die evangelie is nie. Dit is nie waarvoor Christus kom sterf het op aarde nie. Nee ons weet dat die evangelie is: 16Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Alhoewel ons in die evangelie verseker word dat ons veilig in die hande van die Here is, is die fokus duidelik op ’n toekomstige voorspoed. En miskien is so ’n evangelie net te eenvoudig vir die wêreld rondom ons vandag?

## 4. Geboortepyne van ’n nuwe wêreld

Op die oog af lyk die kerk van die Here dan na die mees betreurenswaardigste groep mense hier op aarde. Dit lyk na ’n geloof wat nie enige voordeel in hou nie. Maar dan moet ons nie die belangrike openbaring in vers 8 miskyk nie. Dit alles is geboortepyne. En ons weet geboortepyne werk op die beginsel dat daar eers baie swaar gekry word, om dan later met groot vreugde vervul te word. En dit is ook wat besig is om in die koningrkyk te gebeur.

Christus profeteer dat die ware kerk nie baie aansien van die wêreld sal geniet nie. Mense sal oorgelewer word om mishandel en dood gemaak te word. Nasies sal mense haat, watter mense. Die mense van die Naam van ons Here Jesus Christus bely, met ander woorde die kerk van die Here. Ons sien dit duidelik in vers 9 & 10 van ons teksgedeelte. Die kerk sal aansien en respek verloor, tot op die punt wat die ’n verbande organisasie word waarvan die lede vervolg word.

Dit is egter wat met die ware kerk gaan gebeur. Maar daar word ook ’n ander kerk aan geopenbaar. Die valse kerk wat baie mense mislei. Vers 12 openbaar vir ons ’n belangrike kenmerk van hierdie valse kerk wat met sy valse profete die mense mislei. Daar staan dat hulle minagting vir die wet van God sal toeneem. Is dit nie nog iets wat ons duidelik vandag sien nie. Die opdragte, wette en gebooie van die Here word net gesien as riglyne.

Maar tog deur dit alles sal die kerk nie tot niet gaan nie, want die maak nie saak hoe swaar dit gaan nie. Die Here sal Sy kerk eind uit bewaar en beskerm. Want al die vervolging en lyding is uiteindelik net geboortepyne vir die nuwe wêreld wat kom. En wie volhard tot die einde toe sal gered word.

## 5. Slot

Kom ons sluit prakties af vandag. Hierdie verlange na die onmiddelik uitkoms en aanbreek van die nuwe wêreld deur die dissipels is nie vreemd nie. Ons hoor vandag nog die aanklag teen die kerk. Die kerk moet al die hongersnood in die wêreld tot niet maak, of aardverwarming keer. Of selfs die kerk moet misdaad en geweld stop. En wanneer hierdie dinge dan nie gebeur nie is mense ontnugter.

Die volgende aksie wat mense dan neem is om die fout by die leierskap van die kerk te gaan soek. Maar wanneer ons mooi daaroor dink bely ons dat die enigeste leier en hoof van die kerk Christus is en bly. Tog is dit wat ons so maklik sien vandag. Christus word verwerp as die hoof van die kerk. Soos Jesus profeteer in ons teksvers, kom ander persone en doen hulle voor as Christus, hulle probeer dan ook die plek van Christus in die kerk inneem. Maar ons moet altyd uiters versigtig wees hiervoor. Dit is immers waarom Christus aan ons hierdie profesie gee, dat ons op ons hoede kan wees wanneer dit gebeur.

Die laaste saak is die troos van die evangelie. Wanneer die ware Messias verruil word vir ’n ander Messias, gaan die hoop verlore. Want daar sal in alle ewigheid net een sondevrye mens wees, wat bereid is om Sy lewe af te lê as offer vir ons sondes. Enige ander verlossers het sonde, en gaan uiteindelik op een of ander gebied te kort skiet. En daarom is daar op die beste maar kortstondige tydelik troos by ander verlossers.

Maar die ewige versekering dat ons altyd veilig in die hande van die Here is, kan ons net by die ware Verlosser kry. Ons Here Jesus Christus wat deur Sy lewe af te lê vir ons die weg, die waarheid en die lewe geword het.

Amen